GRONDWET

Centurion Kunsvereniging
(hierna genoem die Kunsvereniging)

1. NAAM

Die naam van die Kunsvereniging sal wees CENTURION KUNSVERENIGING

2. JURISDIKSIE

Die area van jurisdiksie van hierdie Kunsvereniging sal die munisipale gebied van Centurion behels. Lede is egter nie area gebonde nie.

3. HOOFKANTOOR

Die hoofkantoor van die Kunsvereniging sal in Centurion wees.

4. DOELSTELLING

Om kuns in al sy vorme en kunswaardering in Centurion te bevorder.

5. LIDMAATSKAP

Enige lid van die publiek mag aansoek doen om lidmaatskap van die Centurion Kunsvereniging. Lede moet hul egter neerlê by die reels, regulasies en doelstellings van die Kunsvereniging. Sien ook Bylae 1: Huishoudelike reels. Voltydse studente, skoolleerders en pensioenarisse sal ‘n verminderde lidmaatskapsfooi, soos deur die Komitee bepaal, betaal.

6. ERELEDE

Persone wat uitsonderlike dienste aan die Kunsvereniging lewer, kan deur die Bestuur as erelede genomineer en verkies word tydens ‘n Algemene Jaarvergadering. Sodanige persone sal lewenslank lid wees sonder om jaarlikse ledegelde te betaal en hulle behou al die regte en voorregte van gewone lede.

7. GEAFFILIEERDE LEDE

Ander verenigings of organisasies binne die gebied wat belangstel om met die Kunsvereniging te affilieer, kan met goedkeuring van die Uitvoerende Komitee lid word. Elke geaffilieerde vereniging of organisasie sal geregtig wees om een persoon te nomineer om sy vereniging te verteenwoordig en slegs een verteenwoordiger per vereniging of organisasie sal toegelaat word,

tensy vooraf toestemming van die Uitvoerende Komitee verkry is vir die toelating van meer verteenwoordigers.
Die geaffilieerde vereniging of organisasie moet aan die sekretaresse van die Kunsvereniging minstens sewe dae voorafgaande kennis gee van enige verandering van die verteenwoordiger wat die vergadering bywoon. Die jaarlikse inskrywingsgeld van so ‘n geaffilieerde lid sal bepaal word deur die Uitvoerende Komitee.

8. LEDEGELD

Lidmaatskap strek van 1 Oktober in ‘n bepaalde jaar tot 30 September van die daaropvolgende jaar. Lidmaatskapsfooie is dus betaalbaar gedurende Maart vir die jaar tot 28 Februarie daaropvolgend. Indien ‘n persoon in gebreke bly om, op die laatste tydens registrasie vir die jaarlikse lede-uitstalling, sy of haar lidmaatskapsfooi te betaal, sal sy/haar lidmaatskap opgeskort word. Die persoon se naam sal van die lidmaatskapregister verwyder word en verbeur ook sy/haar reg op deelname aan uitstallings en ander aktiwiteite van die Kunsvereniging. Ledegeld sal jaarliks deur die Uitvoerende komitee hersien word.

9. BESTUUR

Die belange van die Kunsvereniging sal behartig word deur ‘n Uitvoerende Komitee bestaande uit die volgende bestuurslede:

‘n Voorsitter, ‘n Vise-Voorsitter, ‘n Sekretaris en ‘n Tesourier en nie minder as drie en nie meer as twaalf lede van die kunsvereniging nie. Sodanig Uitvoerende Komitee sal op die Kunsvereniging se Jaarlikse Algemene Vergadering verkies en aangewys word vir ‘n dienstermyn van twee jaar. Die Uitvoerende Komitee sal geregtig wees om lede te koöpteer en hierdie lede sal die reg hê om te stem ten opsigte van besluite en sake in verband met die Kunsvereniging.

Enige vakature wat op die Uitvoerende Komitee mag ontstaan, kan by wyse van koöptering deur die Uitvoerende Komitee gevul word.

Indien enige lid van die Uitvoerende Komitee sonder voorafgaande verskoning versuim om drie opeenvolgende vergaderings by te woon, sal hy/sy ipso facto nie langer lid wees van die Uitvoerende Komitee nie.

Die Uitvoerende Komitee sal soveel keer as wat nodig is vergader. Die Uitvoerende Komitee sal ten volle geregtig wees om op te tree en besluite te neem in belang van die Kunsvereniging, insluitend tugmaatreels, sanksies of skorsing van enige lid indien nodig.

10. SUB-KOMITEES

Die Uitvoerende Komitee sal geregtig wees om sub-komitees aan te wys om ondersoek in te stel en verslag te lewer in verband met spesifieke sake. Die lede van sodanige sub-komitees hoef nie noodwendig ook lede van die bestuur te wees nie en kan slegs in raadgewende hoedanigheid optree. Sub-komitees kan ook addisionele lede koöpteer met goedkeuring van die Uitvoerende Komitee. In die geval waar spesiale ad hoc komitees benoem word deur die Uitvoerende Komitee, sal alle lede volle stemreg hê ongeag of hulle lede van die bestuur is al dan nie.

Die Uitvoerende Komitee sal ‘n dagkomitee benoem van nie minder nie as drie lede, insluitende die Voorsitter, Vise-Voorsitter en Sekretaris of Tesourier, wat geregtig sal wees om besluite te neem in noodgevalle tussen vergaderings van die Uitvoerende Komitee. Besluite geneem deur die dagkomitee moet op die volgende Bestuursvergadering gerapporteer en goedgekeur word.

11. VERGADERINGS

‘n Algemene Jaarvergadering sal gedurende Oktober jaarliks gehou word. Dit val saam met die finansiële jaareinde van die Vereniging. Alle lede sal ‘n maand voorafgaande kennis kry van so ‘n Algemene Jaarvergadering. Voorstelle wat op die agenda van sodanige vergadering ingesluit moet word, kan drie weke voorafgaande by die Sekretaris ingedien word en moet op skrif wees. Alle lede sal by die vergadering die agenda ontvang. Die bestuur sal ‘n Jaarverslag/program voorlê vir goedkeuring tydens die Algemene Jaarvergadering. Tydens die Algemene Jaarvergadering sal die volgende bestuur en/of aanvullende lede verkies word wanneer van toepassing.

11.1 Spesiale Vergaderings

Die voorsitter mag enige tyd op die skriftelike versoek van nie minder nie as sewe lede, ‘n Spesiale Vergadering van die Kunsvereniging belê vir die uitvoer van sodanige sake as wat in die Kennisgewing genoem is. Kennisgewing van sodanige Spesiale Vergadering moet minstens sewe dae voorafgaande gegee word.

11.2 Kworum

Tydens die Algemene Jaarvergadering sal die lede teenwoordig as kworum geld, ongeag die aantal lede van die Kunsvereniging. Erelede en lewenslange lede kan deel uitmaak van hierdie getal.

By Bestuurs- en Sub-Komitee Vergaderings sal ‘n kworum gevorm word indien die helfte van die lede teenwoordig is tensy par. 11.1 in werking tree.

11.3 Kontrole van vergaderings

Die Voorsitter en in sy afwesigheid die Vise-Voorsitter, sal tydens vergaderings die leiding neem. Indien beide afwesig is, sal die vergadering ‘n Voorsitter benoem. Die Voorsitter van enige vergadering sal sowel ‘n gewone as beslissende stem hê.

12. UITSTALLINGS

Lede van die Kunsvereniging sal voorkeur geniet ten opsigte van uitstallings, maar die Uitvoerende Komitee sal geregtig wees om gaskunstenaars te nooi om in Centurion uit te stal. Ten opsigte van die aard van werke wat as kunswerke kwalifiseer, die standaard van werke wat aangebied word vir uitstalling en die onderskeie afdelings waarvoor werke ingeskryf word, sal die Uitvoerende Komitee geregtig wees om in eie reg op te tree en besluite te neem hierin.

13. FINANSIES

Die Kunsvereniging van Centurion funksioneer as ‘n afsonderlike entiteit en hanteer en reel sy eie finansiele aangeleenthede.

Alle fondse van die Kunsvereniging sal by ‘n Bank, goedgekeur deur die Bestuur, gedeponeer word. Alle tjeks wat op hierdie bankrekening gewissel word, moet deur een van die volgende persone onderteken word:

Die Voorsitter (of waarnemende Voorsitter), die Vise-Voorsitter (of waarnemende Vise-Voorsitter) en die Sekretaris of Tesourier.

Dit sal die plig wees van die Tesourier om die Bestuur ten volle op hoogte te hou in verband met die finansiele sake van die Kunsvereniging. Elektroniese transaksies sal sowel as tjekbetalings sal tydens die eersvolgende Uitvoerende Komitee vergadering genotuleer word. Die dagkomitee sal die nodige magte hê om betalings goed te keur deur die loop van die maand tot dit genotuleer word.

Jaarlikse bestuurstate sal saamgestel en tydens die Algemene vergadering voorgelê word.

14. BATES VAN DIE KUNSVERENIGING

Indien die Kunsvereniging om welke rede ookal ontbind, sal alle bates en kapitaal na goeddunke van die Uitvoerende Komitee hanteer en oor beskik word.

15. BYVOEGINGS EN VERANDERINGS

Hierdie Grondwet of Konstitusie kan slegs tydens ‘n Algemene Jaarvergadering of ‘n Spesiale Vergadering van die Kunsvereniging, wat vir hierdie doel byeengeroep is, verander word en dan slegs met die goedkeuring van 75% (vyf en sewentig persent) van die lede teenwoordig.

Geen voorstel vir die wysiging van of byvoeging tot die Grondwet of Konstitusie sal oorweeg word, tensy die Sekretaris veertien dae voor sodanige vergadering, skriftelik daarvan in kennis gestel is nie.